VAN TOEKA SE TYD

50 JAAR GELEDE

Uit: *Landbouweekblad*, 15 Oktober 1968

BOERE SKEP 'NUWE' BRAHMAN



Mnr. Gawie Herbst by 'n rooi Brahmanbul en 'n witgrys koei. Uit 'n kruising tussen die twee is pragtige rooi kalwers verkry.

Mnre. G.M. en J.F.W. Herbst, bekende Brahmantelers van Rondebossie, Potgietersrus (nou Mokopane), het 'n interessante kruising verkry deur wit Brahmankoeie met 'n rooi Brahmanbul te kruis. Die kruiskalwers is oorheersend rooi.

Die Herbstse se Brahman-boerdery dateer uit 1961 toe hulle die eerste keer witgrys Brahmane uit Amerika ingevoer het. Die altesame 43 wit diere wat hulle by dié geleentheid die land ingebring het, was een van die grootste enkele besendings wat nóg na Suid-Afrika ingevoer is.

Hul eerste rooi Brahmane is in 1965 ingevoer – 17 dragtige verse en 'n bul. Die rooi beeste het sommer uit die staanspoor goed in die Bosveld aangepas.

Interessantheidshalwe het hulle besluit om 'n paar wit koeie met 'n rooi bul te kruis. Uit die rooi kalwers wat verkry is, is toe weer 'n paar verse met 'n rooi bul gekruis. En weer was die rooi kleur by ál die kalwers oorheersend. Vir mense wat sentimenteel raak oor die rooi kleur van die Afrikaner, is hierdie kruisdiere die ware Jakob.

Die rasegte rooi Brahman is hoër op die been as die witgryse. Die kruisings het dié eienskap behou, maar het daarby ook 'n langer lyf, wat beteken dat meer vleis aangepak kan word.

Die rooi Brahman hoef wat gehalte betref, nie vir die witgryse terug te staan nie. Op vanjaar se Randse Paasskou het Parlement King, een van die Herbstse se rasegte rooies, in mededinging met wittes die junior sowel as senior kampioenskap vir die Brahmane gebuit.